# ‘n Goeie vennootskap sorg vir uitstekende besigheid

Kubota en Trelleborg stap al ‘n lang pad saam in Suid-Afrika. “Ons werk reeds die afgelope 18 jaar lank nou saam met Kubota. In dié tyd het ons die groot groei van die Kubota-handelsnaam gesien onder die bestuur van Smith Power Equipment, die plaaslike verspreider in Suid-Afrika,” sê Louw Joubert, produkbestuurder van Trelleborg Suid-Afrika.

Trelleborg se suksesvolle trekker-bandomskakelings om aan produsente se spesifieke vereistes te voldoen is ‘n goeie voorbeeld van hulle goeie diens aan die landboubedryf. Sommige van dié omskakelings was vanjaar by Nampo Oesdag by die Trelleborg-stalletjie te sien soos die omskakeling van die standaard 480 x 85 x 38-bande op die Kubota M9540 na wyer turfbande (850 x 50 x 30,5). Dieselfde soort Kubota M9540-trekker se standaardbande is ook omgeskakel na nouer en hoër bande (230 x 90 x 38) vir ‘n groenteprodusent. Joubert verduidelik dat die verstelbare velling vir die wyer bande uit Swede ingevoer is. Die vaste, nouer vellings is volgens spesifikasies plaaslik vervaardig.

### Loopvlakontwerp

Die kern van Trelleborg se gevorderde tegnologie is die onverbeterlike prestasie van sy ProgressiveTraction™, met vernuwende loopvlakpatroon en dubbelkantige spoor. Die band se loopvlak-patroon bied uitstekende vastrapeienskappe in verskillende toestande. Die breër basis van die loopvlakontwerp verminder vibrasies, slytasie en brandstofverbruik. Bo-op die patroon se wyer basis is ‘n smaller rif vir beter trekkrag. “Nóg ‘n belangrike eienskap van hierdie ontwerp wat doeltreffendheid verhoog, is hoe dit die tussenpatroonterrasse op die band beklemtoon en die band se selfskoonmaakvermoëns verbeter,” sê Joubert.

“Die slotsom is dat die Progressive-Traction-tegnologie tydens hoëwringkrag-toestande beter presteer as ons mede-dingers in dieselfde premieklas vir trekkerbande en baie beter presteer as die gemiddelde trekkerband,” sê hy. “Die verminderde werkstyd per hektaar gee aanleiding tot minder uitlaatgasse en beter kostedoeltreffendheid per hektaar.” Hy sê die nuwe oppervlakpatroon keer dat die band diep in die grond wegsak. Die verhoogde veerkragtigheid van die sykante van die band verbreed die oppervlak wat met die grond kontak maak en verminder verdigting. “Ons behaal die maksimum flottasie met hierdie ekstra breë spoor,” sê hy.